education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

**GRAAD 12**
**GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN**

# JUNIE 2009

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 1
## TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE

**TYD: 2½ UUR**

**PUNTE: 120**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

   AFDELING A: LEESBEGRIP: VRAAG 1, 2 EN 3
   AFDELING B: OPSOMMING: VRAAG 4
   AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK: VRAAG 5-8
   AFDELING D: LETTERKUNDE: VRAAG 9

3. Lees AL die instruksies en vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. Skryf die nommer in die MIDDEL van die bladsy en slaan ’n reël oor tussen antwoorde.

5. Trek ’n streep na elke voltooide afdeling.

6. Begin ELKE VRAAG (Vraag 1-8) boaan ’n skoon bladsy.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Skryf netjies en leesbaar en gebruik slegs blou ink.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: KOERANTBERIG

Lees die volgende koerantberig aandagtig deur.

### WHACKO JACKO VOEL SLIM ÉN JONK OP 50

**Los Angeles** – Whacko Jacko, of die popsanger Michael Jackson, het Vrydag sy 50ste verjaarsdag stil-stil by sy huis gevier. Sy aangenome kinders was die dag almal saam met hom by sy huis.

Jackson het in ’n telefoniese onderhoud in die ABC-televisieprogram, Good Morning, America, gesê: “Ek wil net koek saam met my kinders eet en na kinderflieks kyk.” Ons weet nie of ons dit kan glo nie. Hy het bygevoeg dat hy “baie slim voel, maar nog baie jonk is”.

Jackson is onlangs in Las Vegas afgeneem, waar hy – gesigmasker en al – in slaapklere en pantoffels in ’n rolstoel buite op die stoep gesit het.

Michael Jackson is slegs ’n skaduwee van die superster wat hy eens was. Sy deurmekaar persoonlike lewe het sy musiekloopbaan vernietig.

Van sy belofte om na die musiekwêreld terug te keer het nog niks gekom nie. Sy bewonderaars is baie teleurgesteld en sou graag weer na ’n vertoning wou gaan kyk.

Jackson bly sedert sy hofsaak omtrent net in sy huis in Las Vegas. Tydens die hofsaak in 2005 is hy onskuldig bevind op die aanklag dat hy kinders seksueel misbruik het. Hierdie hofsaak het Jackson emosioneel verniel. Hy was daarna nooit weer dieselfde nie.

Verwerk uit *Rapport* 31 Augustus 2008

1.1 Hoe word Michael Jackson ook genoem? (1)

1.2 Hoe oud is Michael Jackson? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die NOMMER en die LETTER neer.

Michael is ’n …

A popsanger.
B R&B-sanger.
C jazz-sanger.
D klassieke sanger. (1)

1.4 Michael het die telefoniese onderhoud met SABC1 gehad.

1.4.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.4.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 1.4.1 met VIER woorde uit die tweede paragraaf. (1)

1.5 Noem TWEE dinge wat Michael Jackson saam met sy kinders wil doen. (2)

1.6 Hoe voel Michael Jackson op sy verjaarsdag? (2)

1.7 Hoekom kan ons sê dat Michael Jackson dalk siek is? Noem EEN rede. (1)

1.8 Hoekom is Michael Jackson nou die skaduwee van die superster wat hy was? (2)

1.9 Waarvan is Michael Jackson beskuldig? (1)

1.10 Hoekom voel 'n mens jammer vir Michael Jackson as jy die berig lees? (1)
[14]

VRAAG 2

Lees die onderstaande wenke oor die gebruik van malaria-medisyne en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# 60 SEKONDES

**JOU VINNIGE GIDS TOT MALARIA-MEDISYNE**

Hoe weet ek watter malaria-medisyne om te drink? In watter gebiede moet ek malaria-medisyne drink? Hier is enkele wenke.

As jy die volgende plekke besoek, beveel aptekers aan dat jy malaria-medisyne drink, ook in die winter: die Kruger Wildtuin; gebiede in Mpumalanga wat laag lê, soos Malelane; Swaziland; noordoos-KwaZulu-Natal, veral St. Lucia en Sodwana; Zimbabwe en Mosambiek. In die winter is die malaria-gevaar in Mosambiek baie groot.

| **Naam van medisyne** | **Kommentaar** | **Wie moet nie die medisyne drink nie?** | **Veilig vir kinders?** |
|---|---|---|---|
| Meflokwien (bv Lariam) | Beste medisyne teen malaria. Neem 1 maal per week | Mense met epilepsie, mense met hartprobleme. Porfirie-lyers (lewersiekte) | Liewer vir geen kind jonger as 5 jaar of ligter as 15 kg nie. |
| Doksiklien | As jy vir 1-2 dae 'n malariagebied besoek, kan jy die medisyne drink. | Mense wat baie in die son is. Mense wat medisyne drink om hulle bloed dun te maak. | Nie vir kinders jonger as 12 jaar nie – kan tande vergeel. |

(Verwerk uit *Sarie* Julie 2002

2.1 Kies die REGTE antwoord en skryf die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Kies die TWEE provinsies in Suid-Afrika waar 'n besoeker malaria-medisyne moet drink.

A KwaZulu-Natal
B Swaziland
C Mosambiek
D Mpumalanga (2)

2.2 In watter land is die malaria-gevaar in die winter baie groot? (1)

2.3 Watter medisyne is die beste teen malaria? (1)

2.4 Die beste medisyne vir malaria moet elke oggend gedrink word.

2.4.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 2.4.1 met VIER woorde uit die teks. (1)

2.5 Noem TWEE groepe mense vir wie die beste malaria-medisyne gevaarlik kan wees. (2)

2.6 Watter malaria-medisyne sal jy drink as jy net vir twee dae Kruger Wildtuin toe gaan? (1)

2.7 Hoekom kan kinders jonger as 12 jaar nie bogenoemde medisyne drink nie? (1)

2.8 Watter soort malaria-medisyne sal jy drink as jy baie in die son werk? (1)

2.9 Watter belangrike ding moet jy onthou as jy by jou oupa en ouma in noordoos-KwaZulu-Natal gaan kuier? (1)
[12]

## VRAAG 3

Bestudeer die advertensie noukeurig en beantwoord die vrae.




Uit *Weg* Junie 2007

3.1 Watter soort motor word in die advertensie geadverteer? (1)

3.2 Die gesin kan al hulle bagasie in die motor laai.

3.2.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

3.2.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 3.2.1 met ’n sin uit die advertensie. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die NOMMER en die LETTER neer.

Die kruiwa, vurke, gasbottels, honde, balle, potplante, fietse ensovoorts is in hierdie advertensie van die motor omdat …

A net hierdie dinge in die motor gelaai kan word.
B daar baie dinge in die motor gelaai kan word.
C die motor ’n vragmotor is.
D die motor net 4 sitplekke het. (1)

[4]

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4

- Lees die volgende teks goed deur.
- Noem SEWE REDES vir geweld tydens misdaad in Suid-Afrika.
- Skryf elke feit in jou eie woorde in ’n volsin neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Skryf die getal woorde onderaan die opsomming.
- Jou opsomming moet 60 woorde lank wees.

Die sentrum vir die studie van Geweld en Versoening in Suid-Afrika het navorsing gedoen oor die redes vir geweld tydens misdaad. Die navorsing het die volgende redes gewys.

Alle mense het ekstra goed wat hulle huise en motors veiliger maak. Hierdie goed is immobiliseerders, alarms, hoë heinings en veiligheidshekke. Dit dwing misdadigers om geweld toe te pas as hulle by ’n mens steel. Die misdadigers is slimmer en vra hulp.

Mense het vuurwapens om hulleself te beskerm. Dit beteken dat misdadigers hulleself beskerm en hulle het ook vuurwapens. Mense is ook banger vir misdadigers met gewere.

Misdadigers gebruik baiemaal ook dwelms soos dagga en drink sterk drank. Dit maak hulle aggressief en gewelddadig tydens aanvalle.

Baie misdadigers haat ook hulle slagoffers; daarom is hulle baie wreed tydens aanvalle. Hulle dink niks daarvan om mense deur die gesig te klap, hulle met draad vas te bind en te skop en te slaan nie.

Hulle werk in groepe. As die leier baie wreed is, is die groep ook wreed. Die lede van die groep wil gewoonlik in die leier se goeie boekies wees en doen dan net wat hy sê.

Party misdadigers het ’n swak selfbeeld en dit veroorsaak dat hulle wreed is. Dit maak hulle vyand bang. Om hulle selfbeeld te versterk, sal hulle wreed wees en daarna goed voel oor hulleself.

Misdadigers is partymaal baie wreed omdat hulle populêr wil wees. Hulle dink dat hulle veral die guns van jong mense en mooi meisies sal wen.

Verwerk uit *Rapport* 13 April 2008

PUNTE WORD SO TOEGEKEN:

| | |
|---|---|
| Korrekte feite in vol sinne | 7 |
| Korrekte getal woorde en korrek aangedui. | 1 |
| Korrekte taalgebruik (woordeskat, sinsbou, leestekens, spelling) | 2 |
| | (10) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 5: WOORD- EN SINSTRUKTURE

- Die onderstaande advertensie het in *Huisgenoot* verskyn. Lees dit en beantwoord die vrae volgens die opdragte onderaan die leesstuk.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

## Nasionale Pers, *Huisgenoot* gee Hyundai Atos motors weg!




Verwerk uit *Huisgenoot* 5 Oktober 2006

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dit is vir die Nasionale Pers en redaksie van Huisgenoot lekker om bekend te maak dat 5.1 (ons/hulle/julle) en ons sustertydskrifte, *You* en *Drum*, Hyundai Atos motors weggee. | 5.1 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| Drie 5.2 (gelukkig) lesers het die eksklusiewe | 5.2 | Gee die korrekte vorm van die woord. | (1) |
| 5.3 (geleentheid) om oor die | 5.3 | Gee die sinoniem. | (1) |
| 5.4 (volgende) drie maande een van die Hyundai Atos motors van R17 900 elk te wen. | 5.4 | Gee die afkorting. | (1) |
| Die parmantige en 5.5 (kompak) Atos het lugversorging, | 5.5 | Gee die korrekte vorm van die woord. | (1) |
| 5.6 (krag + stuur), sentrale sluiting en elektriese vensters. | 5.6 | Gee die samestelling. | (1) |
| So skryf jy in: Van 5.7 (17) September af | 5.7 | Skryf die getal **17** in woorde uit. | (1) |
| publiseer ons 5.8 (elke week) 'n legkaartstuk. | 5.8 | Gee een woord. | (1) |
| Die legkaart het vier 5.9 (stuk) en jy moet oor vier | 5.9 | Gee die meervoud. | (1) |
| weke almal 5.10 (bymekaar maak) om die legkaart | 5.10 | Gee die sinoniem. | (1) |
| 5.11 ____ voltooi: Daar is ook elke week 'n | 5.11 | Skryf die korrekte infinitief. | (1) |
| 5.12 klein (vraag) wat jy op die legkaartstuk moet | 5.12 | Gee die verkleining. | (1) |
| 5.13 (beantwoord/geantwoord). Plak jou volledige legkaart met die korrekte antwoord op die vorms | 5.13 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| en stuur dit dan 5.14 (vir/aan/op) Huisgenoot, Posbus 52777, Roggebaai 8012. | 5.14 | Kies die korrekte voorsetsel. | (1) |
| Daar is drie motors om te 5.15 (wen) – hou die | 5.15 | Gee die antoniem. | (1) |
| tydskrif 5.16 ___ vir die volgende legkaartstuk en hou aan plak. | 5.16 | Voltooi die uitdrukking. | (1) |
| | | | [16] |

## VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande prente noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

6.1




Uit *Huisgenoot* 5 Oktober 2006

| | | |
|---|---|---|
| 6.1.1 Bobo lê lekker warm in sy bed.<br>Nee, … | 6.1.1 Skryf die sin in die ontkennende vorm en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.1.2 Bobo is al klaar in droomland.<br>Nee, … | 6.1.2 Skryf die sin in die ontkennende vorm en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.1.3 Bobo klim uit sy bed.<br>Gister … | 6.1.3 Skryf die sin in die verlede tyd en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.1.4 Pappa gesels met Bobo in sy bed.<br>Verlede week … | 6.1.4 Skryf die sin in die verlede tyd en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.1.5 Mamma sê: “Lekker slaap, Bobo.”<br>Mamma sê dat … | 6.1.5 Skryf die sin in die indirekte rede en begin soos aangedui. | (1) |
| 6.1.6 Pappa sê: “Ek gaan vir jou ’n storie lees, Bobo.”<br>Pappa sê vir Bobo dat hy … | 6.1.6 Skryf die sin in die indirekte rede en begin soos aangedui. | (2)<br>[11] |

6.2




Uit *Huisgenoot* 5 Oktober 2006

| | | |
|---|---|---|
| 6.2.1 Mamma het Bobo se bed opgemaak.<br>Bobo se bed … | 6.2.1 Skryf die sin in die lydende vorm en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.2.2 Bobo skop die duvet oop.<br>Die duvet … | 6.2.2 Skryf die sin die lydende vorm en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.2.3 Bobo klim uit sy bed in die middel van die nag.<br>In die middel van die nag … | 6.2.3 Begin die sin soos aangedui. | (1) |
| 6.2.4 Die maan skyn buite.<br>Die volgende nag … | 6.2.4 Skryf die sin in die toekomende tyd en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.2.5 Bobo loop in sy slaap.<br>Môre … | 6.2.5 Skryf die sin in die toekomende tyd en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.2.6 Bobo klim uit sy bed. Hy slaap vas. (terwyl) | 6.2.6 Verbind die sinne met die woord tussen hakies. | (2) |
| 6.2.7 Bobo slaap lekker. Hy is baie moeg. (omdat) | 6.2.7 Verbind die sinne met die woord tussen hakies. | (2) |
| 6.2.8 Pappa en Mamma wil in die middel van die nag slaap.<br>Pappa en Mamma hou daarvan … | 6.2.8 Skryf die sin in die infinitiefvorm en begin soos aangedui. | (2) |
| 6.2.9 Hulle hou daarvan om warm te slaap.<br>Waarvan … | 6.2.9 Verander die sin in 'n vraagsin en begin soos aangedui … | (1) |
| 6.2.10 Bobo loop na Mamma en Pappa se kamer.<br>Wie … | 6.2.10 Verander die sin in die vraagvorm en begin soos aangedui. | (1) |
| 6.2.11 Rangskik die volgende sinsnedes in die regte volgorde.<br>(op die bed) (Bobo het) (gelê en slaap) (gister) Bobo het … | | (1) |
| 6.2.12 Vertaal die onderstaande sin in suiwer Afrikaans:<br>Tomorrow I will bring my sandwiches. | | (2)<br>[20] |

## VRAAG 7

## REDIGERING

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.
Volg die instruksies in die regterkantse kolom en skryf die sin korrek oor.
Onderstreep die fout/e wat jy reggemaak het.




Uit *Volksblad* 19 September 2005

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 Eet assemblief al jou kos. | 7.1 Verbeter die spelfout. | (1) |
| 7.2 Jy hoef nie raserig om te eet nie. | 7.2 Skryf die sin korrek oor. | (1) |
| 7.3 Die man het al die kos eet. | 7.3 Maak die taalfout reg. | (1) |
| 7.4 Die man eet al die kos alhoewel is hy siek. | 7.4 Skryf die sin korrek oor. | (1) |
| 7.5 Jy klink soos 'n renosterkie wat asma het. | 7.5 Verbeter die spelfout. | (1) |
| 7.6 Dilbert eet droeë beskuit. | 7.6 Verbeter die spelfout. | (1) |
| 7.7 Pappa sê: "Hokom loop bobo met sy oë toe." | 7.7 Verbeter die punktuasie en die spelling. | (3) |

[9]


VRAAG 8

**KYK EN KOMMUNIKEER**

**INSTRUKSIES**

- Bestudeer die prent in hierdie vraag.
- Lees die situasie by elke prent.
- Voltooi die opdrag.

8.1 Situasie: Pa kom elke aand met werk by die huis aan. Ma is ontevrede daaroor, want hy het nie tyd vir haar nie.




Uit *Sarie*

Opdrag: Skryf (een sin en nie meer as 15 woorde nie) wat ma vir pa gesê het.

Ma: "… (2)

8.2 Situasie: Sarie moes al die skottelgoed na ete was. Dit maak haar moeg.



Bron onbekend

Opdrag: Wat sal sy sê? Kies een van die moontlikhede:

A Lekker! Ek is nou moeg.
B Sjoe! Ek is nou moeg.
C Voorspoed! Ek is nou moeg.
D Geluk! Ek is nou moeg. (1)

8.3 Situasie: Lina bel haar vriendin, Sarah, maar Sarah se ma antwoord.



Bron onbekend

Opdrag: Hoe sal Lina haar vra om met Sarah te praat? Kies die regte antwoord.

A Roep daar vir Sarah, jong!
B Roep dadelik my vriendin!
C Kan Tannie asseblief vir Sarah roep?
D Roer jou, Tannie, ek soek vir Sarah! (1)

[4]

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES

1. AFDELING D bestaan uit:

   DRIE vrae uit KINDERS VAN DIE AARDE en
   DRIE vrae uit OM LAASTE TE KAN LAG.

2. Beantwoord TWEE vrae uit KINDERS VAN DIE AARDE

   OF

   Beantwoord TWEE vrae uit OM LAASTE TE KAN LAG.

3. Kies jou TWEE vrae uit EEN boek.

## KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer

Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.

VRAAG 9

## ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – ABRAHAM H DE VRIES

Maar – dit het ek al gesê – Rooikoos het sy maat nie meer geken nie. Hulle sê hy't nog so gesit daar onder die almanak, toe slaan hy reg agteroor, bo van die stoeltjie af, so uit soos 'n kers, so dronk soos 'n vark wat parsdoppe gevreet het.

Hoe die Barrydalers hom daar weggekry het, weet g'n mens tot vandag toe nie, maar daardie nag toe neem hulle hom saam Barrydale toe. Net so in sy dronkenskap.

9.1 Waar woon die verteller? (1)

9.2 Hoekom woon Rooikoos nie meer op sy plaas nie? (1)

9.3 Watter voordeel het dit vir Rooikoos gehad om in die hotel te bly? (1)

9.4 Voltooi die volgende deur die regte antwoord in te vul. Skryf die NOMMERS en die WOORDE neer.

Op Barrydale het die rugbyspelers Rooikoos se baard 9.4.1 … en sy hare 9.4.2 … gekleur. Daar het hulle vir hom die nag 'n kamer in die 9.4.3 … betaal. (3)

9.5 Rooikoos het na sy ervaring met die Barrydalers nooit weer gedrink nie.

9.5.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

9.5.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 9.5.1 … met 'n rede uit die kortverhaal. (1)

9.6 Sê JA of NEE:
Het jy simpatie met Rooikoos? (1)

9.7 Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 9.6. (1)
[10]

VRAAG 10

## DIE RAMP – TT CLOETE

Uit blote nuuskierigheid of uit blote verligting loer die drie van ons by my motor se enjin in. Ons buk al drie vooroor. Toe ek my kop optel, stamp ek my onbekende weldoener op die neus. Sy bril val van sy oë af en breek in ontelbare stukkies op die teerpad.

Daar begin die ellende weer van voor af …

10.1 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Die verteller bedoel met "Daar begin die ellende weer van voor af" dat hulle …

A probleme vir eers opgelos is.
B nou dadelik huis toe kan ry.
C nog eers iets moet herstel voor hulle kan ry.
D probleme net opgelos was en sommer dadelik weer begin het. (1)

10.2 Kies VIER dinge uit die lysie wat die verteller en sy gesin langs die pad oorgekom het. Skryf net die NOMMER en die LETTERS neer.

A Dit was baie warm.
B Hulle was baie moeg.
C Dit het gereën en die wind het gewaai.
D Die motor se band was pap.
E Die kind het 'n hoë koors gehad.
F Hulle het 'n boom gestamp.
G Dit ratkas was beskadig.
H Die verkoeler was beskadig, die motor het oorverhit en gaan staan.
I Hulle het 'n steenbokkie raakgery. (4)

10.3 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Die onbekende weldoener in die verhaal is iemand wat …

A bekend is en die verteller nie help nie.
B bekend is en die verteller ook help.
C onbekend is en die verteller nie help nie.
D die verteller nie ken nie, maar hom nogtans help. (1)

10.4 Hoe weet ons dat die kinders nie in die ongeluk gesterf het nie? (1)

10.5 Wat besef die verteller nadat hy na die weldoener se oë gekyk het? (2)

10.6 Watter belangrike waarde het jy by die weldoener geleer? (1)
[10]

VRAAG 11

**MY BROER SE KRAAI – CHRIS BARNARD**

My broer het die kraai in die kartondoos gesit en met die oorskiethout en stukkies draad vir hom 'n hok gemaak. Die middag was die kraai in sy hok. Maar dit het drie dae se geduld gekos om hom te laat eet.

11.1 Hoekom het die kraai vir drie dae nie geëet nie? Noem TWEE redes. (2)

11.2 Noem EEN ding wat die verteller se familie gedoen het, omdat dit nie meer mooi was om na die kraai in sy hok te kyk nie. (1)

11.3 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Die broer wou die kraai nie laat gaan nie, omdat hy …

A lief was vir die kraai.
B die kraai vir sy broer wou gee.
C die kraai wou wegstuur.
D die kraai wou verkoop. (1)

11.4 Kies die VERKEERDE antwoord. Skryf die NOMMER en die LETTER neer.

Wat was verkeerd met die kraai in die hok?

A Sy vlerk het gebloei.
B Hy was kruppel.
C Hy was verstyf van koue.
D Sy snawel was stomp. (1)

11.5 Voltooi: Skryf die NOMMERS en die WOORDE neer.

Die verteller se broer het verander omdat dit so sleg gegaan het met die kraai in die hok. Hy was altyd 11.5.1 … maar hy het later al 11.5.2 … geraak. (2)

11.6 Waarom dink jy het die broer na sy kamer gegaan en die deur toegemaak? (1)

11.7 Wat het die verteller se broer laat besluit om die kraai los te laat? (1)

11.8 Watter les kan ons uit hierdie kortverhaal leer? (1)
[10]

**OF**

**OM LAASTE TE KAN LAG – PIROW BEKKER**

Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.

VRAAG 12

**OM LAASTE TE KAN LAG – PIROW BEKKER**

Streng gesproke moes oom Apie die swartskaap in ons familie gewees het, maar hy had ’n manier om jou teen wil en dank van hom te laat hou. Hy was ’n aweregse ou siel, maar voor jy jou kom kry het jy daarvan afgesien om hom sy sondes toe te reken. Jy wou nog kwaad word, dan het hy jou al weer laat lag.

My mense is doodgewone mense. Elkeen met sy ambag of sy lappie aarde. Harde werkers, al sê ek dit nou self. En geen muisneste nie.

12.1 Noem EEN negatiewe karaktereienskap van oom Apie. (1)

12.2 Kies EEN VERKEERDE kenmerk van oom Apie se mense. Skryf die NOMMER en die LETTER neer.

A Aardse mense
B Prakties en nugter
C Pligsgetrou en sonder fieterjasies
D Drink te veel en onbetroubaar (1)

12.3 Pas die beskrywing in Kolom B by die name of gebeure in Kolom A.

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 12.3.1 | Oom Apie | A prakties en nugter |
| 12.3.2 | Apie se familie | B het baie vriende en was nie lui nie |
| 12.3.3 | Apie se jeugliefde | C met ’n skatryk boer getroud |
| | | D vertel nooit stories nie |

(4)

12.4 Oom Apie het altyd gewerk.

12.4.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.4.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 12.4.1 met ’n sinsnede uit die verhaal. (1)

12.5 Watter les kan jy by oom Apie leer? (1)

12.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die NOMMER en die LETTER neer.

Oor watter eienskap van ’n mens handel hierdie kortverhaal?

A Elke mens doen sy eie ding.
B Elke mens is uniek.
C Elke mens is soos ander mense.
D Elke mens lyk nie anders nie. (1)

[10]

VRAAG 13

**DIE GEHEIM – J. VAN MELLE**

Die oudste, Leuntjie, het haar nog die meeste las gegee. Toe haar ma weer ’n keer gaan kyk omdat sy so lank wegbly, sien sy die kind agter op die skip bo op die reling staan, haar hand aan ’n staaldraad, terwyl sy haar een been heen en weer swaai, los en gemaklik soos ’n matroos. Op dieselfde oomblik dat die moeder haar daar so sien, gewaar een van die matrose haar ook en tegelyk dat die vrou gil: “Leune, kom daar af”, skreeu die seeman …

13.1 Plaas die volgende gebeure in die verhaal in die volgorde waarin dit gebeur het. Skryf die NOMMER en die LETTERS neer.

A Haar ma skree en op dieselfde tyd vloek en dreig ’n seeman haar.
B Leune het weggedwaal en toe gaan soek haar ma haar.
C Sy wil afklim, maar gly en val in die water.
D Sy sien haar op die reling van die skip staan. (4)

13.2 Voltooi die volgende deur die regte antwoord in te vul. Skryf die NOMMERS en die WOORDE neer.

Die verteller in hierdie verhaal se naam is 13.2.1 …, en hy hou baie van die 13.2.2. … in die lewe, maar nie in boeke nie. (2)

13.3 Gee ’n beskrywing van Dou se eerste reaksie op Leune se erkenning dat sy sy eerste liefde was. (2)

13.4 Watter belangrike waardes leer jy by Leune en Dou? (2)
[10]

VRAAG 14

## TANT NELIE SE VEERPLUIME – HENRIËTTE GROVÉ

Kittie was die een wat mooi was, sommer pebliek mooi, en aanmekaar mooi; nie soos Ursa nie, so af en toe as sy lag. Daardie hare van Kittie – pikswart krulle en blink, spieëlblink soos Poon se flank die maand na die koring af was. ’n Mens wou net met jou hande daaraan vat. Dan het sy pikswart oë gehad en ’n heuningbruin vel.

14.1 Skryf TWEE uiterlike karaktereienskappe van Kittie neer, volgens die uittreksel. (2)

14.2 Wat kan Kittie baie goed doen? (1)

14.3 Verbind die karakter in Kolom A met die karaktereienskap in Kolom B. Skryf net die NOMMERS en die LETTERS neer.

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 14.3.1 | Tant Nelie | A altyd bereid om mense te help |
| 14.3.2 | Ursula | B pers mense af |
| 14.3.3 | Kittie | C praat nie graag oor dinge van die hart nie |
| 14.3.4 | Peet | D koud en deftig |

(4)

14.4 Kies die TWEE regte antwoorde. Skryf net die NOMMERS en die regte ANTWOORDE neer.

In hierdie kortverhaal leer Kittie dat ’n mens …

A altyd vir die basaar moet koek bak.
B hard moet werk om iets te kry.
C eerlik moet wees.
D moet kompeteer om dinge te kan doen. (2)

14.5 Watter belangrike waarde het jy in hierdie kortverhaal geleer? (1)
[10]

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou